Vrymesselary

'n Groot verskeidenheid Christelike kerke het hulself al sedert die begin van die vorige eeu teen die Vrymesselary beweging uitgespreek.

Die Vrymesselaars het 'n verweerskrif vrygestel waarin die besware van die kerke aangespreek is waarin hulle sê die Vrymesselaars is 'n sedelike en liefdadigheidsinstelling en is nie godsdienstig of polities van aard nie en kan dien as bowebou van die kerk wat hulp aan die kerk kan verleen in sy liefdadigheidswerk. Tog kan dit om die volgende redes in wese wel as 'n godsdiens beskou word:

1. Dr. Albert MacKay, op sy tyd die Algemene Hoëpriester en Sekretarisgeneraal van die *Supreme Council* sê in *The Encyclopedia of Freemasonry*

- "it's religion is that general one of nature and primitive revelation .... in which all men may agree
- "at its altars all religions may kneel and to its creed every faith may subscribe"
- "the god of Masonry is not necessarily the God of the Bible. Any heathen deity, worshipped by any savage, would do as well for the Masons."

2. Elke vergadering in die losie word met Skriflesing en gebed geopen. Die Bybel lê (in 'n Christe-like omgewing) altyd by Johannes 1 oop met die winkelhaak en passer bo-op die Bybel. Dit kan egter ook die Koran of dieVeda of watter ander "bybel" ookal wees, afhangende van die heersende godsdiens in die betrokke land.
3. Die ede vir elke graad moet met die hand op die Bybel, winkelhaak en passer gesweer word.
4. Hulle vereer nie die enigste ware God van die Skrif nie, maar die Opperste Bouheer, Vader van alle mense, wie se eintlike naam eers by hoër grade aan hulle bekend gemaak word. Die naam is **Jabulon** wat 'n samevoeging van die name **Ja**wheh, **Bul** (Baäl) en **On** (Egiptiese songod) is. Die beweging noem hom
   - die Skepper van die heelal
   - The Great Architect of the Universe
   - The Most High
   - The Ineffable Name
   - The Great Geometrician

Watter plek neem Jesus Christus in hierdie beweging in?

Niks wat aan Jood / Moslem / Hindu ens. aanstoot kan gee, word toegelaat nie en gevolglik word Christus uitgelaat. Hy word vervang deur die mistieke figuur Hiram Abiff wat die simboliese figuur is vir al die groot profete van die verskillende godsdienste. Hulle stel Christus dus gelyk aan al die ander profete, en vervang hom dan nog met 'n simboliese figuur.

As 'n Bybelteks in die losie gebruik word waarin die Naam van Jesus voorkom, word dit doelbewus uitgelaat, bv. 1 Petr. 2:5; 2 Thess. 3:6 en 2 Thess. 3:12.

Vindex sê in sy boek Light Invisible: "To me, as a Christian, the universal symbol that is Hiram Abiff, is Christ, but as Freemason I cannot deny, even if I wished it, that to those who have not accepted Christ as their guide (NB, not Saviour) Masonry has illuminated the final and terrifying mystery of death with comfort and hope of immortality that is fully consistent with Christian doctrine **even though the Name of Christ is not and CANNOT be specifically mentioned as the main spring of that hope**."

Hiermee verloën Vindex, en saam met hom die Vrymesselaars, die verdienste van Christus as die enigste weg tot saligheid.

Beoordeling

Uit bostaande kan ons aflei waarom die Vrymesselary afgewys moet word. Dit is

1. 'n godsdiens wat 'n algod vereer wat deur mense uitgedink is, en is
2. gerig op selfverlossing deur goeie dade.
3. Terwyl die Vrymesselaar na lig soek, raak hy al hoe meer in die godlose duisternis verstrengel. Slegs by Jesus Christus sal hy ware Lig en Waarheid vind.
4. Die strewe om liefdadigheid te bevorder is moontlik goed, maar verkeerdelik gewortel in die gedagte dat die mens deur middel van 'n universele verbond die utopia op aarde kan bereik. Hierdie wêreldeenheid staan vyandig teenoor Jesus Christus en sy kerk en is in feite 'n herhaling van die menslike poging wat in Genesis 11 beskryf word.
5. Uit die huidige wêreldwye maatskaplike orde en doelwitte is dit duidelik dat hierdie organisasie groot invloed het. Ons hoor die krete van verdraagsaamheid, van godsdiensgelykheid, neutraliteit en selfverlossing.

Ons mag dit as Chirstengelowiges nie gelate aanvaar nie. Ons moet die blye boodskap van redding en verlossing uit ons gemeenskaplike ellende laat klink: **Jesus Christus is die enigste Weg, Waar-heid en Lewe!**

By Lewensverryking seminare is ons al geruime tyd gefokus op bindinge in mense se lewens. By van die volgende situasies, waarvoor daar nie ander redelike verklarings was nie, is betrokkenheid met Vrymesselary bepaal (direk of in die voorgeslagte). Toe daar in die Naam van Jesus Christus daarmee gebreek is, het die situasie positief verander.

- ongelukkige huweliksverhoudings
- Egskeidings
- Buite-egtelike verhoudings en onsedelikheid
- Finansiële rampe
- Natuurrampe
- Bankrotskappe
- Kinderloosheid

ONS WIL DIT EGTER BAIE DUIDELIK STEL DAT NIE ALLE GEVALLE VAN BG. AAN VRYMESSELARY GEKOPPEL KAN WORD NIE.

Belydenis en vrymaking van PERSOONLIKE BETROKKENHEID by Vrymesselary

Hemelse Vader

Ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus, my Here en Verlosser. Ek besef dat my betrokkenheid by die Vrymesselaarsbeweging 'n subtiele vorm van afgodediens is; dat dit Jesus Christus as die enigste offer vir die sonde, verloën het, en dat dit sonde is in U oë.

- Ek erken dat ek mislei was om my heil op 'n ander plek as by Jesus Christus te soek.
- Ek bely dat ek deur eedaflegging en die meedoen aan allerlei onbybelse rituele 'n verbond aangegaan het met die gode van hierdie geheime organisasie.
- Ek bely dat ek deur my betrokkenheid by Vrymesselary aan die Bose die geleentheid gegee het om bindinge oor my, my familie, en nageslag te bring.
- Ek verklaar nou dat ek aan U alleen verbind wil wees en pleit dat die bloed van Jesus Christus my nou sal reinig van hierdie vernietigende binding in my lewe, en ek bid nou dat U deur u genade vloeke in seëninge sal omskep.

Here, vergewe my ook dat ek ander by die Vrymesselaars betrek het. Ek bid dat hulle ook die enigste Waarheid, Jesus Christus, sal soek en deur Hom bevryding sal kry.

Ek glo met my hart, en ek bely met my mond dat U op grond van Jesus se bloed en deur sy dood en opstanding my vergewe en volkome vry maak van die bindinge wat Vrymesselary kan bring, en dat U ook my nageslag nou vry gemaak het van die bande van Vrymesselary.
Amen

Nadat die persoon klaar gebid het, kan hy nou die bose aanspreek:
In die Naam van Jesus Christus, en op grond van die gesag wat Hy my gee, bestraf ek enige geeste van Vrymesselary wat steeds glo dat hulle 'n houvas het op my lewe en op dié van my familie. Ek verwerp julle en beveel julle om my nou te verlaat en te gaan waar Jesus Christus julle beveel om te gaan.

Bevryding van die BINDINGE van Vrymesselary

Hemelse Vader

Ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus, my Here en Verlosser. Ek glo dat ek verlos is uit die hand van die Duiwel.
Vader, ek bely dat my voorgeslagte verbind was aan die Vrymesselaarsbeweging en dat dit, as 'n subtiele vorm van afgodediens, sonde in U oë is. Ek erken en is bewus daarvan dat dit 'n nadelige invloed op my lewe kan hê.

- Ek vergewe hulle vir die bose invloed wat dit op my lewe kon hê

- In U Naam verwerp ek die oordraging en gevolge van hulle sondes op my en my gesin se lewe.
- Ek bid dat die bloed van Jesus my en my gesin nou reinig en vry maak van al die gevolge van hierdie sondes.

In Jesus Naam
Amen

Spreek nou die bose aan:
In die Naam van Jesus Christus bestraf ek enige geeste van Vrymesselary wat steeds glo dat hulle 'n houvas het op my lewe en op dié van my familie. In die Naam van Jesus verwerp ek julle en ek verklaar dat julle geen houvas meer op ons het nie, want ons is gereinig en vrygemaak deur die bloed van Jesus Christus. In die Naam van Jesus Christus breek ek nou ook enige oorgeërfde bindinge wat a.g.v. die aflegging van 'n eed deur enige van my voorouers aan die Vrymesselaarsbeweging op my of my nageslag mag rus.

Omdat Jesus belowe het dat ek as gelowige sy outoriteit en mag het om bose geeste te verdryf, beveel ek al julle geeste van Vrymesselary, in die Naam van Jesus Christus om my nou te verlaat en te gaan waar Jesus Christus julle beveel om te gaan.